

Hoofstuk van die dag: Sagaria 2

> *Ek het weer ’n gesig gesien. Daar was ’n man met ’n maatlyn in die hand … (vers 1)*

In die eerste naggesig het Sagaria gehoor dat Jerusalem en die tempel herbou gaan word (1:16). Nou sien hy ’n landmeter wat

besig is om die stad uit te lê om te bepaal hoe groot dit moet wees. Dan word hy gekeer. Die Here het ander planne met die stad, daarom is dit onnodig om die stad uit te meet.
Dikwels is ons gedagtes heeltemal te beperkend vir God se werk. JB Phillips het hieroor ’n boek geskryf met die veelseggende titel: “Your God is too small”. Buitendien het God se plan vir die stad nie ’n muur nodig nie, want Hyself sal dit beskerm met ’n muur van vuur rondom.
Buitendien is stadsmure onprakties, want nie net die terugkerende ballinge sal ’n tuiste in Jerusalem vind nie. Baie nasies sal hulle aan die Here verbind en ook deel van sy volk wees (vers 11). Die visie dat die kerk sal strek oor alle grense heen, is nie net ’n Nuwe Testamentiese gedagte nie! Dis hoekom ek en jy ook aan Hom kan behoort.
Jy is óók die Here se oogappel (vers 8), sy kosbaarste besitting. Glo dit vandag!



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep

Hoofstuk van die dag: Sagaria 1

> *Hy het geantwoord: “Daardie horings het die mense van Juda verstrooi en verneder. Die ambagsmanne het gekom om die regeerders van die nasies, die horings wat vir Juda met soveel geweld verstrooi het, die skrik op die lyf te ja en hulle tot ’n val te bring.” (vers 21)*

Sagaria se drome is nogal erg vreemd. Wat wil die tweede gesig sê?
Dit wil sê: God oordeel nie net nie. Hy verlos ook. God bring uitkoms en voorsien in nood. Waar dinge te veel word vir mense om te verduur, verander Hy dit ten goede. Sagaria sien die vier horings (die magte wat Juda en Jerusalem verstrooi het) baie goed; hy staar hom byna blind daarteen. Daarom moes die Here hom die vier ambagsmanne laat sien. Hulle kom om die mag van die vyand te breek.
Mense sien maklik die moeilikheid raak; die uitkoms wat die Here bring, is dikwels nie so opsigtelik nie. Jy moet fyn kyk om dit raak te sien. Daarvoor het jy begrip en fyn aanvoeling nodig (Fil 1:9-10). Ook waar dit vir ons lyk asof die Here nie teenwoordig is nie, is Hy besig met sy bestuur van die wêreld – al is dit op ’n manier wat ons nie verstaan nie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026